DIE SPIRITUALITEIT VAN DIE BRUINMENSE VAN SUURBRAAK: GISTER, VANDAG EN MÔRE

Charles Flaendorp[1]
Christina Landman
Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie,
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Suid-Afrika

Abstract

For 200 years the spirituality of the coloured people of Suurbraak was formed through an identity of marginalisation – a marginalisation that impacted on their lives on the political, economic and social levels. In this article, the present and historical forms of this spirituality are traced and described in terms of Dirkie Smit's paradigm for a Reformed spirituality. Although the spirituality of the people of Suurbraak was found to be both creative and Reformed, it was also found that this spirituality lacks a liberating side and has contributed to the marginalisation of the identity of the people. A new liberation paradigm in line with Gustavo Gutiérrez's paradigm of a liberation spirituality is suggested to help coloured people to eradicate their own marginalisation. The presupposition to this article is that the total participation of coloured people as Africans in South Africa can only take place when they themselves take the intiative in re-identifying themselves in the effort to achieve de-marginalisation.

[1] Gebaseer op 'n D Th proefskrif, *Die bruinmense van Suurbraak: 200 jaar spiritualiteitsvorming deur 'n identiteit van gemarginaliseerdheid*, wat in Junie 2007 by Unisa ingehandig is met C D Flaendorp as kandidaat en C Landman as promotor.

1 KONTEKS, DOEL EN METODE

Suurbraak is 'n voormalige sendingdorpie wat in 1812 deur die Londonse Sendinggenootskap gestig is. Na die onttrekking van die Londonse Sendinggenootskap, is die kerkeiendom aan die einde van 1873 deur die Algemene Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oorgeneem (Burrouws 1995:190). Suurbraak is een van die oudste beskawingspunte in die streek in die Wes-Kaap wat as die Overberg[1] bekend staan. Met die historiese vermenging van verskillende Khoi-stamme in die Overbergstreek het daar mettertyd 'n nuwe, homogene groep bruinmense in hierdie gebied onstaan (Flaendorp 2007:18).

Die dorp Suurbraak is op 13 Augustus 1960 tot “Kleurling Groepsgebied” verklaar. Op 1 April 1962 het die Departement van Kleurlingsake die plaaslike bestuur van die dorp oorgeneem. Eiendomsreg is aan die bruin inwoners van die gebied toegeken. Dit het daartoe gelei dat blankes hulle eiendom verkoop het en hulle elders gaan vestig het.

Zuurbraak[2] is die vierde oudste sendinggemeente in die land, en is tans 'n gemeente van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika. Een van die skrywers van hierdie artikel, ds Charles Flaendorp, is die afgelope sewe jaar leraar van hierdie gemeente.

Die doel van hierdie artikel is om die huidige en historiese gesigte van die spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak te beskryf aan die hand van Dirkie Smit se sesvoudige paradigma vir 'n Gereformeerde spiritualiteit (Smit 1988 & 1989). Wanneer hierdie spiritualiteit in sowel sy kreatiewe as Gereformeerde vorm beskryf is, sal dit wel aan die lig kom dat 'n bevrydende komponent kortkom, wat die inwoners van Suurbraak in 'n identiteit van gemarginaliseerdheid gevange hou. Derhalwe sal die artikel afgesluit word met 'n verwysing na die bevrydingspiritualiteit van Gustavo Gutiérrez (1973)

wat die bruinmense van Suurbraak op die pad na de-marginalisering sou kon plaas.

Die veronderstelling waarop hierdie artikel berus, is dat bruinmense se spiritualiteit oor die eeue tot 'n politieke en sosiale identiteit van marginalisering bygedra het, en dat 'n bevrydende spiritualiteit hierdie gemarginaliseerdheid kan ophef, sodat bruinmense volwaardig aan die nuwe Suid-Afrika kan deelneem.

Wat metode betref, is die spiritualiteit van die mense van Suurbraak ondersoek deur 200 vraelyste onder die inwoners van Suurbraak te te versprei, en dit aan te vul met onderhoude met 20 ouer inwoners van Suurbraak, asook met inligting uit relevante kerkraadsnotules.

2 BRUIN INTELLEKTUELE INSIGTE IN SPIRITUALITEIT EN IDENTITEIT

Die navorsing vir hierdie artikel is geïnspireer deur verskeie bruin intellektuele en hulle insigte in die spiritualiteit en identiteit van bruinmense.

Henry (Jattie) Bredekamp (1982, 1995) inspireer hierdie gesprek met sy navorsing wat daarop dui dat daar alreeds voor die koms van die Britse sendelinge na die Overberg in 1792 'n sterk vorm van godsdiensbelewing onder die inheemse volke was.

Richard van der Ross (1979, 1984, 1986) beskryf in sy vele gesaghebbende werke die historiese situasies wat tot bruin gemarginaliseerdheid gelei het. Van der Ross maak twee kritieke punte ten opsigte van bruinmense se identiteitsvorming. Eerstens verwys hy na hulle swak ekonomiese posisie binne Suid-Afrika, wat hy aan historiese redes toeskryf. Dit het 'n geweldige impak op die bruinmense se identiteit gehad. Tweedens dui Van der Ross aan hoe bruinmense regdeur die geskiedenis polities uitgebuit is, soos byvoorbeeld toe die nou verdwene Nasionale Party ná 2 Februarie 1994 sy stemwerwing op praatjies van die “swart gevaar” gebaseer het, in 'n poging om bruinmense vir 'n swart-oorheersde regering bang te maak.

Allan Boesak (1977, 1978, 1979, 1984, 1986, 2005a, 2005b) het in die tagtigerjare heelwat boeke en artikels oor die situasie in Suid-Afrika die lig laat sien. Tydens hierdie tyd het hy spiritualiteit binne 'n bevrydingsteologie gedefinieer. Boesak is egter een van die bruin leiers wat na die vrywording van Suid-Afrika deur die regering eenkant gestoot is, wat gevolglik 'n korrektief geplaas het op sy siening dat swart in Suid-Afrika vandag ook bruin en Indiër veronderstel. Boesak het begin om weer die kwessie van 'n bruin identiteit op sy agenda te plaas. Hy stel dit egter onomwonde dat bruines dit moet vermy om hulself te isoleer. Boesak spel in die proses eerder bruin deelname aan 'n Suid-Afrikaanse nasieskap uit.

Mohamed Adhikari (1992, 1997, 2002, 2004) het die afgelope tyd heelwat artikels die lig laat sien waarin hy diep en gebalanseerd nadink oor die veranderende identiteit van die bruinmense in Suid-Afrika in hul reaksie op synde “Not black enough” (Adhikari 2004). Adhikari (2004:167) argumenteer dat bruin identiteit regdeur die geskiedenis van ondemokratiese Suid-Afrika stabiel gebly het in sy gemarginaliseerdheid, maar dat dit nou dringend noodsaaklik geword het dat dit sal verander in 'n nuwe Suid-Afrika wat nie voldoende plek vir bruinmense maak nie.

Zimitri Erasmus (1999, 2001) skryf die minderwaardige posisie van bruinmense daaraan toe dat hulle as 'n swak en weerbare minderheid uitgebeeld word. Erasmus verwys ook na die gebrekkige en dikwels onakkurate literatuur oor bruinmense se geskiedenis. In haar werk *Coloured by history, shaped by place* (2001) wil Erasmus 'n nuwe konseptualisering van bruin identiteit daarstel. Erasmus is op 'n post-apartheid gemeenskap en op die toekoms gefokus. Volgens Erasmus is die onderdrukking en gemarginaliseerdheid van bruinmense in 'n swart-oorheersde samelewing vandag selfopgelê (“self-imposed”), en sy doen 'n beroep op bruinmense om hul lewe terug te eis.

Nico Botha (2004) se denke oor identiteit is besonder belangrik vir hierdie studie, aangesien hy betoog dat 'n Christelike identiteit die kulturele identiteit moet transendeer, sodat daar tot 'n radikale nierassige identiteit gekom kan word. Botha verkies voorts (persoonlike onderhoud 2007) om die term “identifiseringe” in plaas van “identiteit”

te gebruik wanneer hy oor die identiteit van bruinmense nadink. Bruinmense se identifiserings lê in hulle eiesoortige (Christelike) spiritualiteitsuitdrukking opgesluit. Hulle hou op 'n unieke manier kerk en hulle sing op 'n manier wat eie aan hulle is. Bruinmense kan ook 'n spesifieke politieke identiteit aanneem. Trouens, hulle het in verskillende tye van die land se geskiedenis verskillende politieke identiteite (identifiseringe) gehad. In die stryd teen die Nasionale Party sedert 1948 het hulle polities 'n swart identiteit gehad. Met die koms van die nuwe demokrasie in 1994 het hulle weer 'n nuwe bondgenoot gevind in 'n oorwegend wit politieke party.

Robert du Pre het omvattende navorsing oor die lot van bruinmense voor 1994 in sy boek *Separate but unequal* (1994) gepubliseer. Du Pre is van mening dat die bruinmense nooit 'n aparte volk was nie, en ook nooit sal wees nie. Hulle identiteit moet egter erken word, asook hulle rol in die uitbouing van die land, sodat daar wegbeweeg kan word van die persepsie dat bruinmense tweedeklas burgers is. Volgens Du Pre het die bruinmense die meeste onder apartheid gely. Hulle is ontwortel, kultureel geïsoleer en godsdienstig, polities en sosiaal van ander groepe geskei, en op die basis van negatiewe karaktertrekke saamgevoeg. Die Bevolkingsregistrasiewet het bruinmense tot 'n tweedeklas bestaan, 'n lewe van armoede en 'n toekoms van hopeloosheid gevonnis.

Hannes Adonis spreek in sy doktorale proefskrif, *Die afgebreekte skeidsmure weer opgebou* (1982), die probleem van bruinmense se gemarginaliseerdheid veral op kerklike gebied aan. Die skepping van 'n aparte bruin identiteit was in der waarheid die gevolg van 'n Britse beleid van wetenskaplike rassisme en imperialisme. Die ware Afrikaners in Suid-Afrika is die bruinmense, omdat Afrika hul enigste land van oorsprong was.

Kortom, bruin intellektuele studies het bevind dat die identiteit van bruinmense nie net deur politieke uitbuiting deur wit en swart, asook deur hul swak ekonomiese posisie bepaal is/word nie, maar ook deur die kolonialisme van die sendelinge en deur 'n (Gereformeerde) spiritualiteit wat hulle geïsoleer het. Vervolgens word die spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak dan beskryf, met verwysing na die kreatiwiteit daarvan, asook die vermoë daarvan om die struktuur van

die samelewing in stand te hou. Die klem word egter gelê op die feit dat hierdie spiritualiteit hulle gevange hou en nou tot 'n selfopgelegde identiteit van gemarginaliseerdheid gelei het.

3 DIE SPIRITUALITEIT VAN DIE BRUINMENSE VAN SUURBRAAK: GISTER EN VANDAG

Om die huidige spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak te kan beskryf, is 200 inwoners versoek om vraelyste in te vul. Die inhoud van die vraelyste en 'n profiel van die respondente word vervat in die oorspronklike studie waarop hierdie artikel gebaseer is (Flaendorp 2007:155-174). Hier word die resultate van die vraelyste, en die insigte wat dit ten opsigte van die geskiedenis en die huidige stand van die mense van Suurbraak se spiritualiteit bied, aan die hand van Dirkie Smit (1988, 1989) se sesvoudige paradigma vir 'n Gereformeerde spiritualiteit beskryf. Dirkie Smit het in 1988 en 1989 twee opeenvolgende artikels in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* geskryf waarin hy die Gereformeerde spiritualiteit breedvoerig ontleed. In die eerste van die twee artikels vra Smit (1988) "Wat is Gereformeerde spiritualiteit?", en in die tweede artikel vra hy (Smit 1989) "Kan spiritualiteit beskryf word?". 'n Bespreking van Smit se paradigma vir 'n Gereformeerde spiritualiteit verskyn in Flaendorp (2007:71-79). Hier word die sesvoudige paradigma wat in die twee artikels ontwikkel word op die inwoners van Suurbraak toegepas, omdat daar soveel raakpunte tussen Smit se paradigma en die spiritualiteit in Suurbraak is. Smit identifiseer gebruike, siklus, simbole, kultuur, rituele en verhoudings as die rigtingaanduiders van 'n Gereformeerde spiritualiteit. Die resultate van die vraelyste is aangevul met onderhoude met die ouer inwoners van Suurbraak, asook inligting uit kerkraadsnotules.

3.1 Gebruike

Opgetekende verhale, asook die mondelingse vertellings van bejaarde inwoners, gee 'n aanduiding van hoe die inwoners se daaglikse lewe daar uitgesien het. *'n Bejaarde vroedvrou, mev Beukes* (ook bekend as nurse Beukes), vertel oor haar waarnemings as 'n inwoner van Suurbraak in 'n gedenkboekie wat in 1984 verskyn het:

> Die inwoners van Suurbraak was arm en eenvoudig. Die armoede was as gevolg van verskeie faktore. Mense het op ysterkatels geslaap. Hulle beddegoed was meelsakke wat uitgewas, aanmekaar gewerk, en as lakens gedien

> het. Die matrasse was met strooi gevul wat na die oes versamel was. Kussingslope is van goiingsakke gemaak en parafienkissies het as stoele gedien. Baie inwoners het hulle hoenders, katte en duiwe in die huis aangehou. Wanneer 'n bevalling plaasgevind het, moes al die diere eers uit die huis verwyder word. Die vertrekke in die huise is met gordyne afgeskort. Omdat daar geen klerekaste was nie, is hulle klere oor die gordyne gehang. Na die geboorte van 'n kind was die moeder volgens gebruik nie toegelaat om vir tien dae op te staan nie. Die vroedvrou het die baba vir tien dae lank versorg totdat die moeder sterk genoeg was om op te staan. Die veldkornet het gewoonlik die geboortes opgeteken. Dit was 'n baie groot geleentheid wanneer so 'n baba gedoop is. Die geestelike leier het gewoonlik self die peetouers aangewys aangesien dit vir die kerk en die gemeenskap belangrik was dat die kind 'n goeie opvoeding moes kry, veral op geestelike gebied.
>
> Die Sendingdorpie het baie mooi kerklike gebruike gehad wat 'n demonstrasie was van hulle spiritualiteit. Daar was 'n jaar lank gekatkiseer. Die katkisant moes tussen sestien en sewentien jaar oud wees. Hulle moes nie te jonk wees nie aangesien hulle die leer van die saligheid moes verstaan. Volgens die gemeentelike tradisie moes jongmense eers katkiseer voordat hulle stad toe vertrek het. Die ouer mense het geglo dat die geestelike basis eers gelê moes word voordat die jongelinge die wye wêreld ingestuur is. Kinders het gewoonlik 'n pennie gekry om Sondae in die kerk te gooi. Hulle is dus van vroeg af offervaardigheid geleer. Sommige van die kinders het die pennie klein gemaak vir twee stuiwers. Een was vir die oggenddiens en een vir die aanddiens.

Oom Daat Noemdoe (90 jaar oud)[3] vertel:

> Die meeste van die mense het maar tuin gemaak om in hulle huisbehoeftes te voorsien. Daar was wel 'n paar wat hulle oeste van die hand gesit en 'n wins gemaak het. Die

> ou mense het hulle verskillende oeste so mooi uitgewerk en ingesamel dat daar op die solder van die huis groente soos aartappels, patats, uie, pampoene en gedroogte groenbone geberg is, wat vir die hele winterseisoen gehou het. Dan praat ek nie eers van die fleste konfyt en gedroogte vrugte wat in streepsakke langs mekaar weggestoor (is) nie. Iewers langs die pad het die nageslag hierdie kuns verloor of verleer. Ons het die mooi eienskappe van mededeelsaamheid gehad. Hulle ja was ja en hulle nee was nee.
>
> Die mense het ook respek vir die kerk en die leraars gehad. Nie soos vandag nie. Mense het hulle hande vir die kerk afgewerk. My oorlede vrou Baba het al lank voor die tyd begin bak vir die basaar. Vandag se jonges wil niks doen nie. Hulle wil nie eers hulle deel vir die kerk doen nie. Saamstaan is die belangrikste ding. As jy saam staan kry jy baie dinge reg.

Nog 'n bejaarde inwoner, mev *Evelyn Minnies* (84 jaar), vertel:

> Jongmense het geweet hoe om hulleself te vermaak. Een van die bekendste speletjies was “Son en Maan”. Die kinders wat aan die speletjie wil deelneem, loop tussen twee kinders deur wat teenoor mekaar staan en hulle hande bokant hulle koppe vashou. Dans was deel van die geestelikheid van die vroeë inwoners van Suurbraak. Musikante het musiek met 'n handorreltjie, konsertina, banjo, trekklavier en kitaar verskaf. Ons het sommer lekker geskoffel. Ons moes ook maar stilletjies dans toe hardloop anders was ons in die moeilikheid by die grootmense. Ja, dans was mos as 'n groot sonde gesien.

Een van die opvallende handelinge van die inwoners van Suurbraak is die huisbyeenkomste. In hierdie opsig toon hulle 'n sterk ooreenkoms met die eerste Bybelse gemeentes in Handelinge. Hierdie gebruik kom by alle denominasies voor. Die lidmate verkies dus huisbidure in plaas van 'n weeklikse gemeentebiduur. Hierdie byeenkomste is 'n instelling. Dit vind gewoonlik plaas in die vorm van 'n

weeklikse huisbiduur, waartydens die mense van 'n spesifieke straat of wyk of sel bymekaarkom. Die inwoners se persoonlike ervaring van God help hulle om na ander mense uit te reik. En die manier hoe hulle dit doen is juis deur middel van hierdie huisbidure. Daar is gewoonlik 'n leier wat die Woord bedien, daar word gesing en geleentheid gegee vir gebed. Daarna vind daar gewoonlik 'n kort gesprek plaas oor sake van die dag of oor kerkaangeleenthede, voordat daar verversings bedien word. Die bediening van verversings is 'n belangrike deel van hierdie byeenkoms. Dit demonstreer die gasvryheid van die inwoners. Die plek waar die huisbiduur plaasvind, word deur middel van 'n jaarprogram bepaal en die huismense het dus lank tyd om te beplan. Dit word om die een of ander rede 'n belangriker en groter geleentheid as die leraar self by die byeenkoms optree. Die kernfokusse van die Reformasie, naamlik die erediens en die huisgodsdiens (Smit 1988:182-193) is grootliks aanwesig by die inwoners van Suurbraak. Die huisgodsdiens se definisie lê nie in die huisgenote nie, maar in wyksverband.

In die gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGK) berei die leraar 'n boodskap vanuit die lees-rooster[4] eenvoudiger voor en stel dit dan tot die beskikking van die leier. Geleentheid word geskep om die gedeelte met die leiers deur te werk. Die korrekte Skrifuitleg word op 'n eenvoudige manier aan die leiers deurgegee. Die sukses van die byeenkomste is gesetel in die feit dat daar geestelike voedsel aan die mense voorsien word. Daar bestaan altyd onder die inwoners 'n behoefte aan die Woord van God (Boesak & Fourie 1998:28, hoofstuk 2). Dit is ook 'n manier om onderling aan hulle eie verhoudings te skaaf.

Die vraelyste het aan die lig gebring dat enkele huisgesinne wel nog op 'n gereelde basis huisgodsdiens hou. Die ekonomiese en sosiale realiteit maak dit egter somtyds onmoontlik vir 'n huisgesin om 'n gepaste tyd vir gesamentlike huisgodsdiens te vind. Baie voer as rede vir die gebrek aan huisgodsdiens hulle werksomstandighede en die invloed van televisie op hul kinders aan. Dit gebeur ook gereeld dat so 'n huisbyeenkoms deur lidmate van ander denominasies bygewoon word. Die inwoners voldoen dus in 'n baie groot mate aan Smit se definisie van die kernfokusse van die Reformasie. Die

bediening van die Woord is vir die inwoners baie belangrik. Daarom heg hulle baie waarde aan die prediking van 'n geordende leraar.

3.2 Die rol van siklus

Daar is bepaalde onopvallende siklusse in die gemeenskap. Omdat Suurbraak 'n landbougemeenskap is, bestaan daar spesifieke landbousiklusse. Daar is 'n plantseisoen en 'n oesseisoen. Dit is ook 'n spirituele ervaring. Die begin en einde van die oestyd word ook in ag geneem en by kerklike byeenkomste gevier. Dit word gewoonlik 'n voorbiddingsdiens en 'n dankdiens genoem. Oestyd is 'n besige tyd, aangesien dit ekonomiese voordele vir die inwoners inhou. Die inwoners val ook geredelik by die kerkkalender se siklusse in (Blom & Lindijer 1986:17). Godsdienstige dae is vir hulle heilig en hulle hanteer dit met die nodige eerbied. Paasfees is 'n groot geleentheid en ook dit word met die nodige erns bejeën. Dit is dan wanneer oudinwoners en diegene wat in die stad werk die dorp en ook die kerk besoek. Paasfees is ook die verjaarsdag van die plaaslike VGK-gemeente. Die VGK Zuurbraak is, soos reeds genoem, die vierde oudste gemeente in die VGK. Dus word die naweek altyd in 'n feesgeleentheid omskep. Die Paasdienste word goed bygewoon en die rituele, gebruike en simboliek wat daarmee gepaardgaan, kry die nodige aandag. Dieselfde sentimente geld ook vir Kersfees. Verder volg die viering van die lewensiklus maar die tradisionele roete: geboortes, doopseremonies, voorstellingsdienste, huwelike en begrafnisse. Die inwoners heg baie groot waarde aan al hierdie siklusse. Siklus, soos deur Smit in sy sesvoudige paradigma beskryf, is dus ook deel van die inwoners se lewe. Die inwoners het 'n bepaalde spiritualiteit rondom hulle siklusse gebou. Daar is sekere dinge wat vir hulle onondelhandelbaar is, byvoorbeeld die viering van die Paasfees en Pinksterdienste. Flaendorp lei derhalwe af dat daar 'n besliste godsdienstige siklus by die inwoners van Suurbraak bestaan, alhoewel die jonger geslag minder klem op die godsdienstige siklus lê.

3.3 Simbole

Simboliek speel 'n baie belangrike rol in die inwoners van Suurbraak se geestelike lewe. Daar is ook 'n besondere simboliek in hulle

geboue. James Bankhouer (in Backhouse 1925:15) beskryf enkele van die nou erkende historiese geboue as volg:

> The mission house, chapel, and school-house are tolerably good buildings. They, as well as two cottages are white washed, and have a neat appearance. As this time a street of considerable length was laid out, along it a few Khoi-khoi had erected houses, and others were in progress, or left half build. There are many scattered hovels and stickreeds and mud in which Khoi families were living. About 850 Khoi resided here, half of whom were decrepit.

Fransen en Cook (1980:366) beskryf die huise in Suurbraak as volg:

> Apart from the customary modest thatched and the later ones iron roofed cottages, a type of doubled storeyed houses can be found here that is perculiar to Zuurbraak; opgeklei and their upper floors have tiny windows which are not placed straight above the ground door windows, which gives them a curious squinting look. They have small pediments at the center of their cornices.

Daar bestaan sekere simboliese bakens wat vir die inwoners besondere betekenis inhou. Binne hul Gereformeerde spiritualiteit, is bepaalde simbole en leerstukke ook vir die inwoners van belang (Blom & Lindijer 1986:17). Tydens die inwyding van die ou kerksaal in 1931 is daar byvoorbeeld 'n paar wit klippies op mekaar gepak en vas gesement as simbool van die Skrifaanhaling: “Tot nou toe het die Here ons gehelp”.[5]

Aan die bokant van die VGK se kerkgebou, teen die koppie, is daar destyds (in 1931) ook 'n skoolgebou opgerig. Dit het besondere simboliese betekenis vir die inwoners gehad. Hulle het geglo dat die ligging van die gebou 'n simbool is van hooggeleerdheid wat niemand van jou kan wegneem nie. Selfs al sou die reënvloed kom, sal die gebou behou bly, omdat nie eers die reën jou geleerdheid kan wegspoel nie. Daarom praat die oudinwoners met besondere trots en deernis van hul skooljare in hierdie gebou.

Die kerk self is in die vorm van 'n kruis gebou. Dit simboliseer die kruis van Jesus Christus. Die kerk is in die middel van die dorp en kyk uit oor die Braak.[6] Die kerkgebou is tydens die bedieningsjare van eerwaarde Heinrich Helm opgerig – waarskynlik in 1838:

> It is T-shaped with straight end-gables and now under iron roofs. The cross-bar faces the square with the original entrance under a wide dormer gable, now in disuse. This is where the pulpit now stands. The entrance is now at the end of the long wing. The windows are ordinary sashes, but with semi-circular spokelights like that of the old door. The interior is not of great interest, except for simple yellow wood pews and a stinkwood and yellow wood pulpit (Fransen & Cook 1980:266).

Daar was 'n besondere simboliek rondom naamgewing. Daar was byvoorbeeld baie mans met die naam van Piet. Om verwarring te voorkom, het elke Piet 'n bynaam gekry. Sommige het gevolglik die naam van hulle pa bygekry, byvoorbeeld Piet Fanie en Piet Jappies. Ander het weer dierename gekry, soos byvoorbeeld Piet Mol of Piet Jakkals (Louw 1984:29). Die dorp, wat 'n redelike oppervlakte het, word ook met behulp van name in dele opgedeel. Daar is byvoorbeeld die Agterstraat, die Hoofstraat en die Plaat. 'n Hedendaagse byvoeging is die Barakke (Heropbouprogram (HOP)-huise). Aan die noordekant van die dorp, teen die rivier, is “Valie se plaas”, en nie ver daarvandaan nie, is “Japie se Kloof”. Aan die oostekant van die dorp is “Rooikoppies”, so genoem as gevolg van die verskillende tipes klei wat daar uitgehaal word. Name is vir die inwoners van Suurbraak nogal belangrik. Dit word veral duidelik by die bediening van die doop. Daar is nog 'n neiging om by die opgee van 'n naam 'n sterk familiekoppeling te maak.[7] Die ouer mense sal baie gou beswaar maak indien die naam van 'n nuwe aankomeling nie byval vind nie.

3.4 Die kulturele faktore

Die vraag is hoe die nie-teologiese faktore op die spiritualiteit van die inwoners van Suurbraak ingewerk het. Smit (1988:191) is van mening dat die tyd en die konteks altyd in ag geneem moet word by

die beskrywing van 'n spiritualiteit. Die persepsie het nog altyd bestaan dat die bruinmense se kultuur uit 'n kombinasie van swart en wit kultuur bestaan en dat hulle nie 'n eie kultuur het nie. Daar bestaan 'n nouer kulturele ooreenkoms tussen bruin- en witmense in en rondom Suurbraak as tussen bruin- en swartmense. Dit is as gevolg van die feit dat daar histories meer kontak tussen bruin en wit was, alhoewel die bruinmense en die swart mense 'n groter politieke en emosionele band gedeel het as gevolg van 'n gemeenskaplike politieke vyand tydens die apartheidsjare.

Die vraag wat hier aan die orde kom is hoe kultuur as 'n nie-teologiese faktor op die inwoners se spiritualiteit inwerk. Die kultuurlewe van die inwoners van Suurbraak toon baie ooreenkomste met dié van die res van die bruin bevolking. Hul kerk- en godsdienstbelewing het 'n sterk Westerse karakter. Die onderwys en opvoeding is ook in lyn met dié van die res van die bevolking. Die inwoners van Suurbraak het alreeds ver gevorder ten opsigte van kulturele ontwikkeling en ander gemeenskapsbedrywighede.

Die bruinmense van Suurbraak is, soos die res van die bruin bevolking, 'n singende gemeenskap. Sang het vir die bruinmense 'n bevrydende en kanaliserende funksie (Lukken 1984:24). Daar bestaan 'n goed georganiseerde “Christmas band” wat baie aktief is tydens dorpsfeeste en begrafnisse. Die “Christmas Choir”, soos dit in die volksmond bekend is, vorm ook deel van die groter koorunies en ding jaarliks mee in die nou reeds gevestigde Kersfeeskore-kompetisies in die Wes-Kaap. Spesiale koordrag word vir die geleentheid aangekoop en daar word lank aan die voorgeskrewe lied geoefen, aangesien daar om die “solo-trofee” meegeding word. Dit is 'n prestige toekenning en dit is elke koorlid se ideaal om so 'n trofee in te palm. Hierdie wedywering het 'n godsdienstige karakter, omdat die voorgeskrewe lied gewoonlik 'n gewyde lied is. Hier, soos onder die res van die bruin bevolking, is sangtalent 'n natuurlike gawe. Die bestaan van mannekore en gemeentekore is 'n doodnormale verskynsel. Georganiseerde koorkompetisies is gewild by die inwoners en hulle mis nie graag sulke geleenthede nie.

Die plaaslike inwoners het nog deur al die jare in voeling gebly met die grond, die natuurlewe en hul godsdienstige tradisies. Alhoewel

Smit meen dat dit moeilik is om te bepaal hoe kultuur spiritualiteit beïnvloed, kan daar met 'n redelike mate van sekerheid gesê word dat die kultuur en die spiritualiteit van die inwoners baie nou met mekaar verweef is. Daar het, as gevolg van hulle gemarginaliseerdheid, 'n kulturele samehorigheid onder die inwoners tot stand gekom.

3.5 Rituele

Jan du Preez was 'n tentmaker in die VGK-gemeente Pretoria (Eersterust). Vir sy graad Magister Theologiae het Du Preez die begrafnisritueel in Eersterust se geloofsgemeenskap ondersoek. Du Preez (2000:53) beskryf rituele as volg:

> Rituele ontstaan uit die gewone gang van die lewe as georganiseerde gedrag. Hulle is veel meer as tekens en simbole, want deur hulle kultuurverweefdheid skep rituele die wêreld waarin sosiale optrede gebeur. 'n Groep of gemeenskap word die simboliese kodes waarmee hulle die gebeure van die alledaagse bestaan kan vertolk.

Die begrafnisritueel is 'n unieke ervaring in Suurbraak (Flaendorp: persoonlike waarneming). Die begrafnisritueel dien as terapie in die helingsproses vir die naasbestaandes. Die kerk en die leraar speel die belangrikste rol tydens die begrafnis. Indien daar nie 'n leraar beskikbaar is nie, sal die begrafnis uitgestel word totdat daar wel een beskikbaar is. Daar word op 'n gepaste manier van afgestorwe geliefdes afskeid geneem. 'n Begrafnis, ongeag die status van die persoon, word 'n daglange gebeurtenis. Dit word dikwels ook 'n familiebyeenkoms, aangesien die familie van heinde en verre kom om die afskeid mee te maak. Die begrafnisdiens, wat net op Saterdae, en baie selde op Sondae plaasvind, word gedurende die week deur 'n waakdiens by die oorledene se huis voorafgegaan. Begrafnisdienste word in die reël nie op weeksdae gehou nie. Statistiek dui daarop dat daar in die afgelope 20 jaar nog nooit op 'n weeksdag 'n teraardebestelling in Suurbraak plaasgevind het nie. Die hele gemeenskap word gewoonlik opgeroep na die diens, wat in die week van afsterwe plaasvind. Die draers word sorgvuldig gekies en elkeen se insluiting as draer word gemotiveer. Die begrafnisprogram word sorgvuldig opgestel en die uitleg is baie belangrik.

Die lui van die kerkklok kondig gewoonlik die afsterwe van 'n persoon aan. Die kerkklok van die VGK Zuurbraak het 'n besondere simboliese betekenis en geskiedenis, en is op 'n heuwel aan die bokant van die kerk gemonteer. Dit is uit London ingevoer en het blykbaar per boot tot by Stilbaai gekom (ongeveer 100 km vanaf Suurbraak), vanwaar dit na Suurbraak vervoer is (Louw 1984:35). Dit is 'n massiewe kerkklok wat dawerend lui, sodat die hele dorp vir die Sondag-erediens opgeroep word. Daarom word die klok ook tydens begrafnisdienste gelui, om die einde van 'n era aan te kondig. Op die dag van die begrafnis word daar eers 'n huisdiens gehou, waarna die stoet, begelei deur die plaaslike orkes, na die kerk beweeg. Die kerkklok kondig weer eens met afgemete reëlmaat aan dat die stoet op pad is na die kerk. Na die diens beweeg die stoet na die plaaslike begaafplaas om die oorledene ter ruste te lê. Almal vergesel gewoonlik die familie na die graf om ondersteuning te bied. Na die seremonie by die graf, besoek die begrafnisgangers gewoonlik sommer ook die grafte van hulle afgestorwe geliefdes. Na die grafseremonie beweeg almal na die kerksaal om die dag se verrigtinge met verversings af te sluit.

Rituele het dus 'n helende en integrerende funksie binne die gemeenskap. Die begrafnisritueel en die godsdienstige belewing van die inwoners van Suurbraak staan in noue verband met mekaar. Die dood en terrustelê van 'n geliefde is nie 'n private saak nie, maar word 'n saak vir die hele gemeenskap. Kerkreëls dat slegs goedstaande lidmate uit die kerk begrawe kan word, geld nie in Suurbraak nie. Die begrafnis is nooit net 'n kerklike aangeleentheid nie; dis 'n gemeenskapsaangeleentheid. Die gemeenskap neem afskeid van 'n mede-dorpenaar.

Ter afsluiting van hierdie afdeling kan daar ook gewys word op sekere rituele in Suurbraak wat met die landbousiklus veband hou.

Oom Timmer Lucks (80 jaar oud) vertel:

> Daar bestaan 'n plantritueel. Juliemaand is die aarde lewendig en dan is dit planttyd. Alle groente word agt dae voor volmaan (terwyl die maan groei) geplant. Die ou mense het geglo dat die groente dan groter sal dra. Indien

> die pitte geplant word wanneer dit reeds volmaan is, sal die grootte daarvan afneem. Aartappelmoere moet op die 15de Oktober geplant word indien jy 'n suksesvolle oes wil hê.
>
> 'n Miswolk teen die berg was vir die inwoners ’n aanduiding dat die wind die volgende dag kwaai gaan waai. Wanneer die reiers oor die dorpie gevlieg het en ’n skreeugeluid gemaak het, sou dit die volgende dag reën. Tydens donderweer en weerlig draai mense gewoonlik hulle spieëls om, of hulle bedek dit. Niemand waag dit dan naby 'n deurkosyn of staalvoorwerp nie, omdat hulle glo dat dit die weerlig aantrek.

3.6 Verhoudings

Verhoudings is die belangrikste komponent van die menslike eksistensie. Om mens te wees, beteken om jou binne lewensnoodsaaklike verhoudings te bevind. Die mens is gekoppel aan bepaalde verhoudingsvelde, naamlik tot sy/haar wêreld, God, die naaste en die self (Smith 1988:190). Vir 'n sinvolle bestaan is dit noodsaaklik dat die mens sy/haar funksie binne verhoudings sal ontdek.

Die inwoners van Suurbraak se interpersoonlike verhoudings is, soos dié van alle mense maar, nie altyd positief nie (Flaendorp:persoonlike waarneming). Daar bestaan baie voorbeelde hiervan. Nie almal is altyd bereid om betrokke te raak by die nood van ander nie. Daar bestaan egter wel 'n mate van vertroue, omgee, verbintenis en vriendskappe onder 'n groot deel van die inwoners. Dit is opvallend dat dit dikwels binne gemeenteverband plaasvind.

Die inwoners sien hulself nie as 'n afgesonderde volk weg van die beskawing nie. Die mense is nie plekgebonde nie, alhoewel dit 'n ietwat geïsoleerde dorpie is. Baie van die inwoners het familie in die groter stede en sal geredelik tyd in hulle lewenspatroon inrig om vir familie te gaan kuier. Baie jongmense verhuis as gevolg van beter werksgeleenthede na die stad, maar hulle verbreek nie hul kontak met Suurbraak nie, en besoek gewoonlik die dorp gedurende

vakansietye. Dit is ook die tradisie dat mense hul lidmaatskap van die kerk behou indien hulle die dorp verlaat. Hulle sal dan ook reëlings tref vir die betaling van hul dankoffers. Familiebande en geslags-registers is vir die inwoners baie belangrik.

Uit die vraelyste blyk dit dat daar 'n verskil is tussen die waardes en norme van die ouer mense en dié van die jongere geslag. Dit lei somtyds tot konflik. Dit manifesteer ook somtyds in die kerk in die aanbiddingsvorme. Die behoudende groep bots heel dikwels met die meer vernuwende groep. Die inwoners voer egter in die geheel 'n rustige bestaan, met geen groot konflikte nie. Daar is byvoorbeeld tans geen groot politieke of kerklike konflikte nie. Indien daar wel konflikte van watter aard ookal ontstaan, is dit gewoonlik die leraar of skoolhoof wat genader word om met die fasiliteringsproses te help. Families wat ondertrou het, is soms in familietwiste gewikkel. Dit is egter nie van so 'n aard dat dit 'n invloed op die normale gang van die dorp het nie. 'n Groot persentasie van die inwoners leef, na Flaendorp se mening, die Bybelse opdrag van naasteliefde uit.

3.7 Gereformeerd maar nie bevrydend nie

Die spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak toon sterk Gereformeerde trekke, soos dit deur Dirkie Smit (1988, 1989) om-skryf word. Die Skrif word as norm gebruik, hoewel op 'n baie selektiewe manier. In die uitleef van hulle spiritualiteit is die Skrif nie iets wat daagliks, byvoorbeeld in huisgodsdiens, bestudeer word nie. Die inwoners is egter wel deeglik bewus van die boodskap van die Skrif. Dit bly nog steeds hulle bron van openbaring en hulle verwysingsraamwerk, ook in hul verhoudings met mekaar. Die Skrif word baie funksioneel as ontmoetingsinstrument tydens siekte en dood gebruik. Fees- en ander openbare geleenthede word wel met Skriflesing en gebed geopen. As voorbeeld kan een so 'n geleentheid genoem word: By die maandelikse uitbetaling van staatspensioene in die gemeenskapsaal word die uitbetalings voorafgegaan met 'n gebed deur een van die aanwesiges. Somtyds sal die betrokke persoon ook die vrymoedigheid neem om 'n kort skriflesing te doen.

Die praktyke en tegnieke in 'n Gereformeerde spiritualiteit waarna Smit (1989:90) vewys funksioneer ook sterk binne die bruin gemeen-

skap van Suurbraak. Begrafnispraktyke soos die lui van die kerkklok by die afsterwe van 'n persoon, die waakdienste en rituele, asook die oesfeeste, is alles gebeure waaraan die inwoners se spiritualiteit gemeet kan word.

Daar is veral by die ouer inwoners 'n behoefte aan meditasie, stilte en gebed. Die meerderheid lidmate van die VGK Zuurbraak verkies Sondagoggende 'n erediens met 'n sterk Gereformeerde inslag. Daar moet elemente van meditasie, stilte en aanbidding wees, terwyl daar 'n sterk klem op die effektiewe bediening van die Woord ook is. Daar bestaan ook ander kerkgroeperings met 'n meer charismatiese aanslag in Suurbraak. Hulle is egter in die minderheid. 'n Groot gedeelte van die inwoners is nie tevrede met wat hulle beskou as 'n oppervlakkige erediens wat met musiek en “tussen-in elemente” gelaai is nie. Die mense verlang eerder 'n effektiewe Woordbediening en 'n ervaring wat hoop bring. Die (Gereformeerde) erediens speel 'n baie belangrike rol in die lewens van die inwoners. Suurbraak se inwoners was nog altyd kerkgangers, alhoewel 'n groot persentasie jongmense die bywoning van die erediens (kerkgaan) as onbelangrik beskou. In vergelyking met die tagtiger- en negentigerjare (soos dit uit statisitiek blyk), het die erediensbywoning vandag baie afgeneem. 'n Gemiddeld van 50% van die gemeente van ongeveer 600 lidmate woon telkens die erediens by. Tydens spesiale dienste is die persentasie ietwat hoër. Huisgodsdiens as 'n handeling binne gesinsverband het feitlik uitgesterf, hoewel Smit dit as 'n belangrike element van 'n Gereformeerde spiritualiteit aangee.

Die begrippe sonde, vergifnis en wraak weeg swaar by die inwoners. Hul sondebesef sentreer baie sterk rondom swangerskap buite die huwelik. Dit is 'n natuurlike reël dat kerksensuur in so 'n geval toegepas moet word. Die konsepte van vergifnis en wraak is problematies binne die spiritualiteit van die inwoners van Suurbraak. Van die ouer inwoners is nie baie vergewingsgesind nie. Derhalwe kom die evangelie van vergifnis en versoening nooit heeltemal tot sy reg in Suurbraak nie.[8] Familielede bly soms vir jare kwaad vir mekaar as gevolg van insidente in die verlede. Dit is ook niks ongewoon as sulke lidmate lidmaatskap van die kerk het en steeds nagmaal gebruik nie.

Suurbraak se lewensiklusse is rondom Christelike feesdae gebou. Die kerklike kalender is vir die ouer inwoners meer belangrik as vir die jeug. Die jongmense se siklus wentel rondom vakansiedae en ander sekulêre dae, eerder as Christelike dae. Daar bestaan egter 'n belangrike plantsiklus, omdat Suurbraak deel van 'n landbougemeenskap is. Die plant- en oessiklus word dikwels met 'n dankdiens afgesluit.

Die vraag is watter waardes die inwoners van Suurbraak aan die Christelike simbole en leerstukke heg. Tot watter mate is die simbole vir die inwoners van Suurbraak 'n bril waardeur hulle na die werklikheid kyk (Smit 1989:89)? 'n Groot persentasie van die inwoners ken glad nie die kerk se belydenisskrifte nie, soos uit die vraelyste blyk. Groot onkunde kom by feitlik alle ouderdomsgroepe voor. Gevolglik funksioneer die leerstukke glad nie in hul daaglikse lewe nie. Dieselfde onkunde is ook by die geestelike leiers waarneembaar. Simboliek funksioneer egter wel sterk binne die gemeenskap. Die simbole van die nagmaal en die doop is vir die inwoners baie belangrik. Dit word met die nodige erns benader.

Die bruinmense van Suurbraak, dan, gee uiting aan hulle spiritualiteit binne die raamwerk van 'n Gereformeerde spiritualiteit soos Smit dit verwoord het. En tog is daar 'n aspek van spiritualiteit by die bruinmense van Suurbraak afwesig, wat Smit self as 'n gemis sou aanvoel: *Die spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak was die afgelope 200 jaar nie in staat om hulle polities en sosiaal te bevry nie, maar het eerder daartoe bygedra dat hulle as bruinmense gemarginaliseer is.*

Kortom, die kreatiwiteit en die eiesoortigheid van die spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak ten spyt, het hierdie spiritualiteit tot hulle identiteit van gemarginaliseerdheid bygedra deurdat

- geestelike waardes soos “offervaardigheid” en “aanvaarding” tot nadeel van die gemeenskap se bevryding in die gemeenskap verkondig en deur die mense verinnerlik is,
- die kultuur wat hulle spiritualiteit onderlê as minderwaardig in die groter geheel van die reënboognasie gesien word,

- hulle spirituele afhanklikheid van God en leraar as 'n kritieklose aanvaarding van onderdrukking en minderwaardigheid verinnerlik is, en
- self-benamings binne die bruin gemeenskap wat nederigheid en groepsverwantskap moes versterk, uiteindelik tot die verinnerliking van 'n identiteit van “minder-wees” meegewerk het.

Ter afsluiting word daar dan nou gekyk na 'n spiritualiteit wat die bruinmense van Suurbraak van hulle gemarginaliseerdheid sou kon bevry – 'n spiritualitateit van bevryding soos dié wat deur Gustavo Gutiérrez beskryf word.

4 'N SPIRITUALITEIT WAT DIE BRUINMENSE VAN SUURBRAAK SOU KON BEVRY

Die geskiedenis in Latyns-Amerika wys dat die kerke in die Christelike gemeenskappe die fasiliteerders geword het vir die ontwikkeling van 'n nuwe spiritualiteit van bevryding. In die lig hiervan het ds Charles Flaendorp, leraar van die VGK Zuurbraak, alreeds begin om die kerk 'n agent te maak vir sodanige paradigmaskuiwe in die rigting van 'n spiritualiteit wat ras transendeer. Flaendorp het by verskeie geleenthede groepe bruin jongmense van sy gemeente in kontak met wit jongmense gebring, om oor onderwerpe soos geweld, gemengde paartjies en 'n goeie selfbeeld te praat. Hy het self as fasiliteerder by hierdie geleenthede opgetree. Die atmosfeer was aanvanklik styf en wantrouig. Dit was veral aan die bruin kant dat daar 'n skugterheid was om menings uit te spreek.

By twee geleenthede het Flaendorp as 'n agent van die Amosprojek opgetree en plaaseienaars en plaaswerkers in een kerk bymekaar gebring om oor plaasbediening te praat. Die idee is om die Woord aan plaaswerkers te bedien en die plaaseienaar as katalisator te betrek. Plaaswerkers word ook bemagtig om self as fasiliteerdes op te tree.

Gesamentlike aanbidding tussen die VGK-gemeente en die NG-kerke in die omgewing het 'n instelling geword. Flaendorp het by sodanige byeenkomste doelbewus op die sterk punt van sy gemeente gekonsentreer, naamlik sang, asook die gebruik van

musiekinstrumente soos die kitaar, banjo en saksofoon. Hy het daarby doelbewus die lidmate van die VGK Zuurbraak die leiding in die sing en speel van liedere laat neem. Dit was maar een manier om die spiritualiteit van die bruinmense te versterk, en 'n poging om die gevoel van minderwaardigheid af te skud.

Hier word vervolgens gebruik gemaak van die bydrae van Gustavo Gutiérrez in sy boek *A theology of liberation* (1973) om 'n nuwe paradigma vir 'n spiritualiteit van bevryding vir bruinmense daar te stel. In sy ontleding van 'n spiritualiteit van bevryding maak Gutiérrez 'n onderskeid tussen die volgende spiritualiteite:

- 'n Spiritualiteit van solidariteit waardeur Christene betrokke raak by die wêreld en solidêr word met diegene wat onderdruk word en wat arm is (Gutiérrez 1973:200).
- 'n Spiritualiteit van kritiese refleksie, op grond waarvan Christene hulle spiritualiteit krities aan die hand van die Skrif moet evalueer. Dit is in jou kritiese selfevaluering dat jy 'n ontmoeting met die lewende God kan verkry.
- 'n Spiritualiteit van martelaarskap, op grond waarvan Christene toegewyd is aan die saak van die armes tot op 'n punt van martelaarskap (Gutiérrez 1973:203).
- 'n Spiritualiteit van ontmoeting (*encounter*), op grond waarvan Christene hulle pad met God tussen die armes en gemarginaliseerdes begin stap (Gutiérrez 1973:204).
- 'n Spiritualiteit van dankbaarheid, op grond waarvan jy die lewe as 'n geskenk van God ervaar.
- 'n Evangeliese spiritualiteit, op grond waarvan die kerk die goeie nuus versprei, sodat die sosiale strukture die koninkryk van God kan reflekteer.

Gutiérrez se spirituele paradigma toon bepaalde raakpunte met die bruinmense van Suurbraak wat laasgenoemde kan help om uit hulle eie gemarginaliseerdheid te ontsnap. Daar bestaan reeds 'n tipe solidariteit tussen die arm en onderdrukte bruinmense van Suur-

braak. Hulle kan met redelike gemak hulle aspirasies identifiseer en dit verwoord. Dit word hier bepleit dat die solidariteit van armoede en onderdrukking omskep moet word in 'n solidariteit van saamspan en onderlinge hulpverlening.

Dit is ook noodsaaklik dat die bruinmense van Suurbraak krities na hulself moet kyk en objektief oor hul situasie van armoede en onderdrukking moet nadink (reflekteer). Daar bestaan wel 'n armoedekringloop en daar is ook 'n bepaalde geïnstitusionaliseerde onderdrukking. Die vraag moet egter wees of daar nie 'n groot stuk eie skuld by die gemeenskap self ook lê nie. Die verplasing van skuld moet gestaak word. Dit is belangrik vir die gemeenskap om van die slagoffer-sindroom weg te beweeg en iets aan hulle eie gemarginaliseerdheid te doen. Dit gebeur dikwels dat bruinmense op die regering of ander instansies vir hulp wag, in plaas daarvan om somtyds self die inisiatief te neem. Groot stukke grond in Suurbraak lê byvoorbeeld in onbruik. Die plaaslike munisipaliteit moedig die inwoners aan om die grond vir spotgoedkoop te huur en aanplantings te doen en op klein skaal te boer. Die inwoners verkies egter nog steeds om op nabygeleë plase in die diens van blanke boere te staan. Hier word bepleit dat daar afstand gedoen sal word van die sindroom van selfbejammering en kroniese afhanklikheid.

Hierdie heersende slagoffer-sindroom moet omskep word in 'n gees van selfopoffering. Dit is die spiritualiteit van martelaarskap waarna Gutiérrez verwys en sluit aan by sy spiritualiteit van kritiese refleksie. Bruinmense sal moet besef dat hulle ook in na-apartheid-Suid-Afrika sekere opofferings sal moet maak, ter wille van die oorlewing van die groep. Daar moet ook erkenning gegee word aan die feit dat sommige bruinmense – meer as swartmense – wel ekonomies by apartheid baat gevind het.

Dit is ook krities belangrik dat die bruinmense ruimte sal laat vir 'n spiritualiteit van ontmoeting met God in hul bestaan. Dit is belangrik dat hulle hul missie binne God se koninkryk sal ontdek. Bruinmense sal moet besef dat hulle nie maar net hier in Suid-Afrika is om saam met ander rasse te leef nie, maar dat hulle inderdaad 'n groot bydrae te lewer het. Hulle moet begin om hul rol binne God se Skepping te probeer verstaan. Dit is juis hulle godsdiens wat hulle deur die

moeilike tydperke van gemarginaliseerdheid gedra het. 'n Groter bewusmaking van 'n lewe van dankbaarheid teenoor God is ook belangrik, sodat die menswaardigheid van veral die bruin jeug herstel sal word. Die misbruik van drank en dwelms, en die groot persentasie bruinmense in die Suid-Afrikaanse tronke is onder andere te wyte aan 'n gebrek aan 'n waardestelsel, 'n missieloosheid en 'n identiteitskrisis. Hulle weet dikwels nie wie hulle is nie, en daarom weet hulle ook nie waarheen hulle op pad is nie. Daar bestaan 'n generasie verdwaalde bruin jeug. Dit is noodsaaklik dat hulle weer op koers gebring word.

Daarom is die skrywers van hierdie artikel van mening dat die kerk 'n groter betrokkenheid by sosiale strukture moet toon. Die kerk moet as rigtingwyser vir bruinmense optree. Kerkleiers sal as rolmodelle na vore moet tree. Bruinmense word as kerkvaste mense beskou, en die geskikte platform vir sosiale aksies om bruinmense weer sosiaal en ekonomies op te hef, is derhalwe die kerk. Die skrywers bepleit dus, soos Gutiérrez, 'n evangeliese spiritualiteit wat nou gekoppel moet wees aan 'n sosiale betrokkenheid.

5 TER AFSLUITING

Die spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak is enersyds kreatief binne hulle konteks, maar andersyds ook behoudend binne hul Gereformeerdheid. Die heersende spiritualiteit laat egter nie die mense toe om hulle van hulle gemarginaliseerdheid as bruinmense te bevry nie. Hierdie artikel beskryf die spiritualiteit van die bruinmense van Suurbraak, en ontwikkel ook riglyne waarlangs dit versterk kan word, sodat bruinmense van die kantlyn na die politieke, sosiale en kulturele hart van Suid-Afrika ingetrek kan word.

Om hul regmatige plek binne die Suid-Afrikaanse samelewing te kan opeis, sal daar 'n goed georganiseerde mobilisasie moet wees. Indien bruinmense hulle gemarginaliseerdheid wil korrigeer, moet die volgende in gedagte gehou word:

- 'n Sterk wil moet onder bruinmense gevestig word om hulle spiritualiteit self te verwoord.
- Nuwe geslag bruin leiers moet na vore tree.

- Bruinmense moet self hulle identiteit aan die hand van hulle spirituele geskiedenis herdefinieer.
- 'n Bruin nasionalisme wat ras transendeer, maar wat ook ruimte skep vir 'n spiritualiteit om te bevry, moet ontwikkel word.

BRONNE GERAADPLEEG

Sekondêre bronne

Adhikari, M 1992. The sons of Ham. *South African Historical Journal* 27, 95-112.

Adhikari, M 1997. The product of civilization. *The Journal of African History* 38(2), 283-300.

Adhikari, M 2002. *Hope, fear, shame, frustration: Continuity and change in the expression of coloured identity in white supremacist SA, 1910-1994.* Cape Town: University of Cape Town.

Adhikari, M 2004. Not black enough: Changing expressions of coloured identity in post-apartheid South Africa. *South African Historical Journal* 51, 167-178.

Adonis, J C 1982. *Die afgebreekte skeidsmure weer opgebou.* Amsterdam: Rodopi.

Backhouse, J 1925. *Missionary stations in Southern Africa, 1800-1925.* London: Chapman & Hall.

Blom, A en Lindijer, C H 1986. *In onze diepste drome.* Den Haag: JN Voorhoeve.

Boesak, A A 1977. *Afscheid van de onschuld.* Kampen: SCM.

Boesak, A A 1978. *A call for an end to unjust rule*. London: Mowbrays.

Boesak, A A 1979. *The finder of God: Sermons on faith and socio-political responsibility*. Johannesburg: Ravan.

Boesak, A A 1984. *Black and Reformed.* Johannesburg: Skotaville.

Boesak, A A 1986. *Als dit verraad is ben ik schuldig*. Ten Have: Baarn.

Boesak, A A 2005a. *Die vlug van Gods verbeelding: Bybelverhale van die onderkant*. Stellenbosch: Sun.

Boesak, A A 2005b*. The tenderness of conscience: African Renaissance and the spirituality of politics.* Steenberg*:* New World Foundation.

Boesak, W & Fourie, P 1998. *Vraagtekens oor Gereformeerdheid.* Belhar: LUS.

Botha, N 2004. Kleur se kwessie steek vas in Suid-Afrika. *Beeld* 25 Oktober.

Bredekamp, H C 1982. *Van veeverskaffers tot veewagters: 'n Historiese ondersoek na betrekkinge tussen die Khoikhoi en die Europeërs aan die Kaap 1662-1679.* Belville: Wes-Kaapse Instituut vir Historiese Navorsing.

Bredekamp, H C 1995. Georg Schmidt se poging tot transformasie van 'n Overbergse Khoi-Khoi gemeenskap. *Kronos* 14, 22-24.

Bredekamp, H C & Ross, H 1995. *Missions and Christianity in South-African History.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Burrouws, E H 1995. *Overberg odyssey*. Cape Town: Rustica.

Du Pre, R H 1994. *Separate but unequal: The coloured people of South Africa. A political history.* Johannesburg: Jonathan Ball.

Du Preez, J 2000. Die begrafnisritueel in Eersterust se geloofsgemeenskap. MTh-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Erasmus, Z 1999. *Conceptualising coloured identities in the Western Cape Province of South Africa.* Cape Town: Human Rights Commission South Africa (HRCSA).

Erasmus, Z 2001. *Coloured by history, shaped by place*. Cape Town: Kwela.

Flaendorp, C D 2007. *Die bruinmense van Suurbraak: 200 jaar spiritualiteitsvorming deur 'n identiteit van gemarginaliseerd-heid.* DTh-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Fransen, H and Cook, M A 1980. *The old buildings of the Cape: A survey and description of old buildings in the Western Province.* Cape Town: Balkema.

Gutiérrez, G 1973. *A theology of liberation.* New York: SCM.

Landman, C. 1999. Telling sacred stories: Eersterust and the forced removals of the 1960's. *Religion and Theology* 6(3), 415-427.

Landman, C. 1999. *The piety of South African women.* Pretoria: C B Powell Bible Centre, University of South Africa.

Lukken, G. 1984. *Geen leven zonder rituelen: Anthropologische beskouwingen met het oog op de christelijke liturgie.* Baarn: Ambo.

Smit, D J 1988. Wat is Gereformeerde spiritualiteit? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 29(2), 182-193.

Smit, D J 1989. Kan spiritualiteit beskryf word? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 30(1), 82-93.

Van der Ross, R 1979. *Myths and attitudes: An inside look at the coloured people*. Cape Town: Tafelberg.

Van der Ross, R 1984. *Coloured viewpoint*. A series of articles in the Cape Times 1958-1965. Belville: Western Cape Institute for Historical Research, University of the Western Cape.

Van der Ross, R 1986. *The rise and decline of apartheid: A study of political movement amongst the Coloured people of South Africa 1850-1985.* Cape Town: Tafelberg.

Van Wyk, J A 1984. *Zuurbraak: Geskiedenis van die Sending. Ongepubliseerde werkstuk in opdrag van die Drostdy Museum in Swellendam*. Swellendam. Swellendam Trust.

Primêre bronne

Onderhoude

Appollis, Ragel. 13 Augustus 2004. Buffeljagsrivier.
April, Hansie. 15 Maart 2004. Suurbraak.
April, Rachel. 2 Junie 2004. Suurbraak.
Prof Nico Botha: 29 Maart 2007.
Cupido, Christiaan. 18 September 2004. Suurbraak.
Cupido, Edward. 19 Mei 2003. Suurbraak.
Gaffley, Sarah. 17 Augustus 2004. Suurbraak.
Hendricks, Lenie. 2 Junie 2004. Suurbraak.
Jantjies, Frank. 26 Maart 2003. Suurbraak.
Kok. Magareth. 15 Junie 2004. Suurbraak.
Lucks, Timmer. 29 Oktober 2003. Buffeljagsrivier.
Minnies, Evelyn. 16 Augustus 2004. Suurbraak.
Noemdoe, Daat. 15 Februarie 2004. Suurbraak.
Page, Goliath. 16 Augustus 2004.Suurbraak.
Scheepers, David. 20 Maart 2005. Swellendam.
Theodore, Sarah. 2 Junie 2004.Suurbraak.
Van As, Muller. 11 Junie 2003. Swellendam.
Van Beulen, Magareth. 12 Mei 2005. Belville.
Van Heerden, Mary. 2 Junie 2004. Suurbraak.

Kerkraadsnotules

Swellendam. St Luke's Anglikaanse kerk: Kerkraadsnotules: 23 September 1882, 31 Oktober 1882.

Swellendam NGK: Kerkraadsnotules: 14 Augustus 1965. Swellendam.

Zuurbraak Sendingkerk: Kerkraadsnotules: 11 Oktober 1965, 8 Desember 1965, 25 April 1970, 22 Januarie 1972, 12 April 1972, 18 April 1973, 15 April 1987.

Ongepubliseerde bronne

Louw, J 1984. Die kultuurlewe op die sendingdorpie Zuurbraak: Seminaar, Swellendam. Drostdy Museum.

Sias, Y 1995. Geskiedenis van die Khoisan van Suid Afrika: 'n Verkorte oorsig. Kaapstad.

EINDNOTAS

1 Die naam Overberg het sy ontstaan te danke aan die Koloniste wat oor die Hottentots-Hollandberge beweeg het. Hulle het die gebied anderkant die berg "over de berg" genoem. Later het dit in die volksmond bekend geword as die Overberg.

2 Let op die onderskeid tussen Suurbraak as die naam van die dorp, en Zuurbraak as die naam van die VGK-gemeente aldaar.

3 Mnr. Noemdoe is op die ouderdom van 90 jaar nog steeds aktief besig om op groot skaal tuine aan te plant en die produkte te verkoop. Hy sit gewoonlik op 'n bankie met 'n hoed op sy kop as hy die tuin bewerk. Dit is 'n bekende gesig in die hoofstraat van Suurbraak. Hy maak ook nie gebruik van 'n staatspensioen nie, omdat hy glo dat hy vir homself moet sorg. Hy glo ook dat 'n gedeelte van sy opbrengs aan die kerk gegee moet word.

4 Die leesrooster word jaarliks deur BUVTON (die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch) gepubliseer om aan die leraar en die gemeente riglyne oor die kerklike siklus te gee. Dit bevat riglyne vir prediking en liturgiese voorstelle.

5 Samuel 7:12

6 Die Braak is 'n oop stuk veld in die middel van die dorp. Dit is bedek met gras en bome wat die atmosfeer van 'n ontspanningsparkie skep. Rondom die Braak is die VGK-kerk, die pastorie, die poskantoor, die biblioteek, die toerismekantoor en die munisipale kantore.

7 'n Ouma in Suurbraak het by geleentheid geweier om haar eerste kleinkind se doopdiens by te woon, omdat die kind nie sy oupa se naam sou hê nie. Die leraar moes die doopouers versoek om ter wille van die vrede 'n kompromie aan te gaan.

8 In een geval waar die predikant bemiddel het, kon 'n moeder haar skoonseun vir 20 jaar lank nie vergewe nie, omdat hy haar dogter swanger gemaak het. As rede vir haar onvergewensgesindheid het sy aangevoer dat sy hoë ideale vir haar dogter gehad het en dat haar skoonseun haar van haar drome beroof het.